

# DIALOOG MET NEDERLAND OOR DIE KWESSIE VAN STRUKTURELE GEWELD IN SUID-AFRIKA

HO Terblanche<sup>1</sup>

## SUMMARY

The South African society was internationally regarded as a structurally violent society, because the policy of apartheid violated the dignity and integrity of individuals and/or groups. Because of the realisation of a kinship between the Hollanders and Afrikaners, the opposition in Holland against what was happening in South Africa was perhaps stronger than elsewhere. Leading Dutch opinion formers rejected apartheid in principle, because it absolutized the superiority of the whites. They feared that apartheid could lead to bloodshed and therefore this policy was conceived to be a threat to world peace. The Afro-Asian states could also adopt an anti-Western attitude because of the policy of apartheid. As regards the dialogue between the Netherlands and South Africa in the sixties, there was agreement on one issue, and that was that the racial question was in essence an issue of international significance. South Africa's success or failure in solving its racial question had world-wide consequences. When the Dutch newspaper *Trouw* and *Die Burger* exchanged views on the apartheid issue during 1963/1964, editor PJ Cillie of *Die Burger* emphasised the fact that the whites in South Africa had an inalienable right to self-determination.

---

## DIE BEGRIP STRUKTURELE GEWELD

Die Stellenbosse politieke filosoof, JJ Degenaar, het die begrip "strukturele geweld" gesien as 'n verdere voorbeeld van die metaforiese gebruik van die woord geweld, ook ten opsigte van onder meer politieke en ekonomiese strukture: "Violence means extreme force carried against X, which violates X because it does not show respect for the value of X. This violence is structural when the force is not exerted wilfully by a person but by a structure created and perpetuated, for example, by custom or by law in a political context. This law can create a structure that curbs the freedom of the subjects unfairly or that discriminates unjustly against certain sections, preventing them from gaining full citizenship."<sup>2</sup>

---

1 Departement Geskiedenis, Universiteit van Port Elizabeth.

2 JJ Degenaar, "The Concept of Violence, *Politikon*, Junie 1980, p. 19.

Volgens J Galtung is strukturele geweld "present when human beings are being influenced so that their actual somatic and mental realization are below their potential realizations". Die geweld wat in die strukture ingebou is, gee nie aan die inwoners "equal power and equal life chances" nie. Daarom het N Garver beweer: "Any institution which systematically robs certain people of rightful options generally available to others does violence to those people." Degenaar wys ook daarop dat in sommige gevalle "structural violence is qualified by the worst kind of political injustice when rulers enforce oppressive and discriminatory laws without the consent of the ruled".

Hy verwys in dié verband na DA Kotze, wat diskriminasie ontleed het as 'n vorm van strukturele geweld en wat dan hierdie konsep op die Suid-Afrikaanse gemeenskap toegepas het: "In terms of the definition of structural violence ("... social justice is defined as 'equal treatment of persons'. When this equality is withheld from citizens the term 'structural violence' can be applied to the state of affairs"), South African society is regarded internationally as a structurally violent society. This is mainly the result of the fact that this is probably the only society on earth which legally enforces discrimination with all the connotations of inequality and injustice called forward by this term." Die begrip "structural violence of apartheid" is ook deur Allan Boesak gebruik in sy beskrywing van die ongeregtighede van geïnstusionaliseerde rassediskriminasie in Suid-Afrika, soos wat die blankes dit eensydig op die nie-blankes afgedwing het. Hy praat van "an unending spiral of violence inherent in the apartheid system... We must recognise that South Africa is a violent society with violent laws defended by violence. As long as we have apartheid, we will have violence."<sup>3</sup>

Hendrik W van der Merwe het die konsep "geweld" soos volg omskryf: "Violence refers to behaviour or sanctions which violate the dignity and integrity of an individual or a group. We define it as the application of force, action, motive or thought in such a way (overt, covert, direct or indirect) that a person or group is injured, controlled or destroyed in a physical, psychological or spiritual sense." Strukturele geweld verwys spesifiek na "violence committed through the legal machinery and institutions of the social system or the state ... which create inequalities of opportunity or treatment". Daarom is 'n "apartheid society ... a violent society".<sup>4</sup>

---

3 Degenaar, pp. 19-20.

4 Hendrik W van der Merwe, *Pursuing justice and peace in South Africa* (London and New York, 1989), 2, 16.

Nelson Mandela het in sy outobiografie die volgende beskrywing gegee van hoe die strukturele geweld van apartheid die swart man geraak het: "To be an African in South Africa means that one is politicized from the moment of one's birth, whether one acknowledges it or not. An African child is born in an Africans Only hospital, taken home in an Africans Only bus, lives in an Africans Only area and attends Africans Only schools, if he attends school at all. When he grows up, he can hold Africans Only jobs, rent a house in Africans Only townships, ride Africans Only trains and be stopped at any time of the day or night and be ordered to produce a pass, without which he can be arrested and thrown in jail. His life is circumscribed by racist laws and regulations that cripple his growth, dim his potential and stunt his life."<sup>5</sup>

Mandela het verder uitgebrei oor "the thousands of humiliations that ordinary Africans confronted every day of their lives: ... it was a crime to walk through a Whites Only door, a crime to ride a Whites Only bus, a crime to use a Whites Only drinking fountain, a crime to walk on a Whites Only beach, a crime to be on the streets after 11 pm, a crime not to have a pass book and a crime to have the wrong signature in that book, a crime to be unemployed and a crime to be employed in the wrong place, a crime to live in certain places and a crime to have no place to live."<sup>6</sup>

Dr. Desmond Tutu, voorsitter van die Waarheids-en-versoenings-kommissie, het apartheid teengestaan omdat dit boos was. Hy het die feit benadruk dat apartheid daargestel is vir die bevoordeling van wit mense. Hy het die demografie van apartheid soos volg saamgevat: "Een seksie van die gemeenskap is uitgesluit. As jy aanvaar dat grondliggend aan die konflik die uitsluiting van sekere mense was en dat mag die prerogatief van net een ander seksie was ..."<sup>7</sup> In sy ope brief aan premier John Vorster het Tutu in 1976 geskryf: "... that absolutely nothing will stop a people from attaining their freedom to be a people who can hold their heads high, whose dignity to be human persons is respected ... A people can take only so much and no more ... A people made desperate by despair, injustice and oppression will use desperate means."<sup>8</sup>

Twee vryskut-joernaliste van Nederland het in 'n reisgids die volgende kernagtige samevatting van die strukturele geweld van apartheid gegee: "Zuid-

5 N Mandela, *Long walk to freedom*, p. 172.

6 Mandela, p. 172.

7 *Die Burger*, 26.2.1997. (Onderhoud met Tutu in Forum-rubriek.)

8 JW Hofmeyr, JA Millard and CJJ Froneman (eds), *History of the church in South Africa. A document and source book* (Pretoria, 1994), pp. 278-83.

Afrika was het ergste land op aarde, vonden wij - onvergelykbaar met welk ander 'erg' land dan ook. Omdat er in Zuid-Afrika een wet was, die zei dat blank beter was dan zwart. Omdat het sisteem sommige mense betitelde als mense en de meeste andere mense als niet meer dan diere. Omdat het reght om mens te zyn in Zuid-Afrika werd ontken.<sup>9</sup>

## NEDERLAND BETROKKE VANWEË STAMVERWANTSKAP

Nederlanders het hulle steeds vanweë die stamverwantskapedagte emosioneel betrokke gevoel by gebeurtenisse in Suid-Afrika, veral wat die tydperk 1960-1990 betref toe die apartheidspoliteik sterk in die kollig was. Dit word geillustreer deur die mening van Ben van Kaam, een van die stigters van die anti-apartheidswerkgroep **Kairos**: "Als iemand in je familie een moord pleegt, trek je je dat meer aan dan wanneer een wildvreemde dat doet. Zo ben je bij Zuid-Afrika ook meer betrokken dan bij een konflik in Siberie."<sup>10</sup> Volgens BJH de Graaff het daar reeds teen die einde van die vyftigerjare in konserwatief-konfessionele en liberale kringe in Nederland die oortuiging geleef "dat Nederland, door de stamverwantschap met de Afrikaners, als geen ander in staat was deze stamverwanten ertoe te bewegen de apartheidspoliteik op te geven of daar in elk geval de scherpe kantjes vanaf te slijpen".<sup>11</sup> Die Nederlandse besorgdheid oor die gebeurtenisse in Suid-Afrika, veral ná die Sharpeville-gebeure in 1960, het voortgespruit uit hierdie stamverwantskapevoelens. Nederland het daarom gevoel dat dit sy plig is om die blanke Suid-Afrikaners te oortuig van die noodsaak om met die swart leiers oorleg te pleeg en die apartheidspoliteik te laat vaar.<sup>12</sup>

Die invloedryke Nederlandse joernalis, Jerome Heldring, het ook melding gemaak van "the realisation of a kinship between the Hollanders and Afrikaners". En hy het daartoe bygevoeg: "Not despite of, but because of that kinship, the opposition in Holland against what happened in South Africa was perhaps stronger than elsewhere."<sup>13</sup>

9 Evelien Groenink en Bart Luirink, *Zuid-Afrika - Tussen township en Tafelberg* (Amsterdam, 1992), p. 11.

10 BJH de Graaf, *De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners 1902-1930* (Amsterdam, 1993), p. 16.

11 De Graaff, *De mythe van de stamverwantschap*, p. 21.

12 BJH de Graaf, "De Nederlandse publieke opinie over apartheid 1948-1963: van begrip tot verwerping", *Internationale Spectator*, November 1985, pp. 684-5.

13 Jerome Heldring, *Changes in Dutch society and their implications for Netherlands-South African relations* (Braamfontein, 1984), p. 8.

GJ Schutte het daarop gewys dat die begrip "stamverwantskap" Nederland se gevoel van eiewaarde en betekenis vergroot het: "De stamverwantskap gaf de Nederlander immers een natuurlik recht op zuidelik Afrika, een morele regtvaardiging voor zijn bemoeienissen met dat gebied."<sup>14</sup> Vyftien vooraanstaande Nederlanders het in 1963 'n beroep op die Nederlandse regering gedoen om met die Suid-Afrikaanse regering in gesprek te tree, uitgaande van die feit "dat het Koninkrijk der Nederlanden in het algemeen en de regering van het Koninkrijk in het bijzonder een roeping hebben ten aanzien van dit oude broedervolk, waarmee nog hechte banden van vriendschap (en verwantschap) bestaan". Nederland het dan ook "als voormalig broederland meer dan enige ander natie de taak zijn invloed te doen gelden ..."<sup>15</sup> Aan die ander kant het Suid-Afrika op grond van die tradisie van stamverwantskapsgevoelens steun en simpatie in plaas van kritiek en veroordeling verwag.

Om hierdie rede het die hele onderwerp van apartheid sterk gefigureer wanneer Nederlander en Afrikaner met mekaar in gesprek tree. Ds JIJ Knottnerus, wat jare lank 'n Nederlandssprekende Hervormde gemeente in Johannesburg bedien het, het hom in 'n onderhoud as volg hieroor uitgelaat: "Met de Zuid-Afrikaner is geen objektief gesprek te voeren. Men peilt onmiddellijk of je vóór of tegen de apartheid bent. Er wordt een schibboleth van gemaakt."<sup>16</sup>

AB (André) du Toit, die latere hoogleraar in Politieke Studies aan die Universiteit van Kaapstad, het in 'n bydrae tot die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV) se jaarverslag (1967) 'n skerpsinnige analise gemaak van die Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge. Volgens hom was die Nederlandse verhouding tot Suid-Afrika veral 'n saak van binnelandse politiek. Die insette van die Nederlandse apologete van apartheid is byvoorbeeld deur hul kritici gesien as 'n verbloemde voortsetting van fascisme: "'Suid-Afrika' en 'apartheid' dien as 'n sjibbolet (in die binnelandse politiek) om 'fout' en 'goed' te onderskei ..." As voorbeeld van die Nederlandse benadering het Du Toit verwys na die kampanje vir die Kamerverkiesings die vorige jaar: "Op vergaderingen en in TV-programma's werd meermalen de apartheid in de discussies gebracht als toetssteen om de progressiviteit van partijen en politici te meten." Daarom het die negatiewe en veral die positiewe bevindinge oor apartheid van 'n Neder-

14 GJ Schutte, *Nederland en de Afrikaners: adhesie en aversie. Over stamverwantschap, Boerenvrienden, Hollanderhaat, Calvinisme en apartheid* (Franeker, 1986), pp. 205, 209.

15 *Algemeen Handelsblad*, 6.11.1963; *NRC*, 6.11.1963; *Nederlandse Post*, November 1963.

16 *Trouw*, 23.5.1964.

landse joernalis, sakeman of politikus veel groter weerklank gevind as die negatiewe of positiewe aspekte van daardie beleid self. Hy het ook daarop gewys dat dit vir die Afrikaner in sy gesprek met Nederland uitsluitlik gaan oor die goed- of afkeuring van sy eie apartheidspolitiek: "Al wat ons interesseer is hoe die Nederlanders oor ons, oor apartheid, dink."<sup>17</sup>

De Graaff het gewys op "de emancipatiegolf die Nederland vanaf de jaren '60 overspoelde" en dat anti-kolonialisme en solidariteit met die Derde Wêreld kernbegrippe van die nuwe generasie geword het: "De wereldverbeteraars van de jaren '60 en '70 vonden in Zuid-Afrika een goed doelwit. Daar lag de grens tussen goed en kwaad immers heel duidelijk. Zo duidelijk dat de kwestie Zuid-Afrika gaandeweg uitgroeide tot een soort lakmoesproef. Een lakmoesproef ter bepaling of je al dan niet een fatsoenlijk mens was."<sup>18</sup>

## PRINSIPIËLE AFWYSING VAN APARTHEID

**Trouw**, die Protestants-Christelike dagblad van Amsterdam, en **Die Burger**, invloedryke Nasionale dagblad van Kaapstad, het in 1963 en 1964 'n unieke en verbeeldingryke joernalistieke onderneming aangepak. Hulle het naamlik by twee geleenthede, 13 Desember 1963 en 26 November 1964, bladsye geruil oor die Suid-Afrikaanse apartheidbeleid. Die bladsyruil het die mees intensiewe bespreking van Suid-Afrikaanse sake afgegee wat Nederland in lange jare belewe het.<sup>19</sup>

Die bladsyruil is geïnisieer deur dr. JAHJS Bruins Slot, hoofredakteur van **Trouw**, wat bekommerd was oor die toenemende isolasie van Suid-Afrika. Dit was vir hom belangrik dat die kortsluiting wat daar was tussen Suid-Afrika en die Vrye Wêreld opgehef moes word. As verdere beweegrede het hy die volgende aangegee: "In Nederland heeft men het gevoel dat men in Zuid-Afrika onvoldoende oog heeft voor de principiële achtergrond ter afwijzing van rassendiscriminerende wetten."<sup>20</sup> Wat die gesprek met Suid-Afrika betref, het **Trouw** daarop gewys dat Suid-Afrikaners nie besef dat daar ook kritici van die apartheidspolitiek is, "die niet van haat, maar van sympathie voor Zuid-Afrika

17 AB du Toit, "Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge", *Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging - Verslag over het jaar 1967*; "Analyse van schijngesprek", *Zuid-Afrika*, Mei 1968.

18 "Nederlandse anti-apartheidsstrijd geëvalueerd", *Zuid-Afrika*, November/Desember 1996, p. 191; De Graaff, *De mythe van de stamverwantschap*, p. 15. Kyk ook Heldring, pp. 7-8, 10-1.

19 HO Terblanche, *Kritiese dialoog tussen stamverwante. Die paginaruil tussen Trouw en Die Burger, 1963-1964* (ongepubliseerde manuskrip, Port Elizabeth, 1997).

20 *Trouw*, 18.9.1963 en 13.12.1963.

zijn vervuld en die hier met principiële bezwaren zitten".<sup>21</sup>

Bruins Slot het hom reeds in April 1960 tydens 'n debat in die Tweede Kamer sterk uitgelaat oor apartheid: "In de apartheidspolitiek zitten dan ook clementen, die zich ... met de eisen van het Evangelie niet verdragen." Die apartheidspolitiek het dus ook 'n vraagstuk geword "van wat zedelijk en religieus geoorloofd is. Rassendiscriminatie is ... in stryd met het Evangelie ... God heeft uit énen bloede het ganse geslacht der mensen geschapen, heeft Paulus op de Aereopagus gezegd. En in Christus staan blank en zwart in één zelfde vrijheid jegens God en mensen." Rassediskriminasie is verder in stryd met die internasionale reg: "De gang van zaken in Zuid-Afrika is ook in stryd met de conventie over de rechten van de mens." Die apartheidspolitiek is onaanvaardbaar, omdat dit eventueel lei tot die onderdrukking van die swart bevolking en tot "een blijvende lotsbepaling der zwarte meerderheid door een blanke minderheid. Zij maakt wezenlijke vrijheid voor de zwarte onmogelijk."<sup>22</sup>

By Bruins Slot het dit om die beginsel gegaan "dat één mens of een groep mensen niet heer is over anderen..."<sup>23</sup> Daarom het hy elke vorm van rassediskriminasie verwerp. Premier Biesheuvel het juis in sy huldeblyk na Bruins Slot se dood gesê dat hy in sy geskrifte "de contouren van een evangelische politiek" getrek het, "uitgaande van de gedachte van wereldwijd solidariteit met de zwakken, verdrukten en hongerigen".<sup>24</sup> SW Couwenberg het in dié verband opgemerk dat die Nederlandse kulturele identiteit gekenmerk word "door een opvallend feminiene, verzorgende instelling" om op te kom "voor zwakkere of verdrukte groepen ...". Daarom was daar by die radikale anti-apartheidsaksies 'n neiging "tot absolute, ongenuanseerde identifikasie met de underdog ...". By die Nederlanders was daar dus die morele behoefte om op te kom vir die regte van die onderdrukte swartes.<sup>25</sup>

Met die tweede bladsyruil het Bruins Slot dit duidelik gestel dat die Nederlanders se simpatie vir die nasionalisme van die gekleurde volke voortvloei uit die feit dat dit 'n beweging van oorheerstes is: "Dit is prinsipeel nie goed, dit is sedelik nie geoorloof om daarvan uit te gaan dat een volk 'n

21 Trouw, 18.9.1963.

22 Handelingen Tweede Kamer, Zitting 1959-1960, Deel 1, p. 953.

23 JAHJS Bruins Slot, ... en ik was gelukkig: Herinneringen (Baarn, 1972), p. 202.

24 Bruins Slot, p. 16. (Verhaal vooraf deur Ben van Kaam.)

25 SW Couwenberg (red.), Op de grens van twee eeuwen. Positie en perspectief van Nederland in het zicht van het jaar 2000 (Kampen, 1989), pp. 199-200. Couwenberg se opstel is getiteld, "Culturele identiteit".

ander volk mag oorheers of dat die een volksgroep oor die toekoms van 'n ander volksgroep mag beskik nie." Hy het vas geglo dat Suid-Afrika se probleme alleen opgelos kan word as die feite, magsfaktore en bedoelinge uit etiese en godsdienstige beginsels benader word. Die rassebeleid moet daarom onder die tug van die Heilige Skrif gebring word.<sup>26</sup>

'n Internasionale seminaar van die VN oor apartheid is van 23 Augustus tot 4 September 1966 in Brasilia, hoofstad van Brasilië, gehou. Die amptelike afgevaardigde van Nederland was Bruins Slot, wat dan ook 'n "working paper" voorgelê het. Hy het in sy rede van die veronderstelling uitgegaan dat die apartheidsbeleid "is completely unacceptable, being a negation of fundamental human rights". Hy het hom uitgespreek ten gunste van "a just political and social order" in Suid-Afrika gebaseer op die samewerking tussen die verskillende rasse-groepe "on the principle of equal political and social rights for all". Onder die struikelblokke om die nuwe bedeling te vestig is "the completely negative attitude of the South African Government, which finds expression in a pitiless system of oppression". Hy het verder die feit benadruk dat die apartheidsbeleid "stands in complete contradiction to the teachings of the Gospel". Prominente kerkfigure in Suid-Afrika het juis hierdie waarheid begin besef, en daarom was hy ten gunste van "the stimulation of moral disquiet in South Africa".<sup>27</sup>

**Trouw**, en veral Bruins Slot, se kritiese houding ná 1960 was in ooreenstemming met die opvatting van die Nederlandse Hervormde Kerk. Dié kerk het naamlik in 1962 in 'n herderlike skrywe apartheid verwerp omdat dit rasseverskille verabsoluteer. Sosiale en maatskaplike verskille kan opgehef word, maar rasseverskille nooit: "Daarom is rasdiscriminatie zo 'n afschuwelijk iets. Een mens wordt daardoor vastgenageld op zijn ras, voor altijd. Het blanke ras blijft superieur, het niet-blanke inferieur. Tot aan het einde der dagen." Totaal onaanvaarbaar is dus 'n stelsel waar "aan de zwarten worden politieke rechten en verantwoordelijkheden ontezegd, uitsluitend vanwege het feit, dat zij zwart zijn".<sup>28</sup>

26 Die Burger, 26.11.1964.

27 Working Paper, submitted by Dr JAHJS Bruins Slot, participant in the United Nations seminar on "Apartheid" at Brasilia from 23 August to 5 September 1966. (Archief Bruins Slot, VU, Amsterdam). Die 5de September is 'n vergissing van Bruins Slot, dit moet 4 September wees.

28 Het rassenvraagstuk - Herderlijk schrijven van de generale synode van de Nederlandse Hervormde Kerk. Aanvaard in haar vergadering van 19 November 1962 ('s-Gravenhage, 1963), pp. 22-3.

Ben van Kaam, redaksielid van **Trouw**, het die stelling gemaak dat beide Bruins Slot en sy geesgenoot, Beyers Naudé, uit hul isolasie-denke gebreek het: "En voor de een zowel als de ander had dat te maken met de herkenning van de mens van 'n andere nationaliteit en 'n andere huidskleur als broeder in Christus. Daarmee werd de eigen nationaliteit en het eigen ras minder beduidend."<sup>29</sup> In aansluiting hierby het die Nederlandse Hervormde Kerk in sy herderlike skrywe verklaar: "In Jezus Christus vinden mensen van verschillende volken en rassen elkaar als naar Gods beeld geschapen en in het heilsplan van God opgenomen mensen. Dan is rasdiscriminatie uitgesloten. Het rasverskil is niet meer dominerend ... Als het om het menszijn gaat, zullen wij moeten lere ... dat de kleur van het hart belangrijker is dan de kleur van de huid."<sup>30</sup>

Prof. H Ridderbos, hoogleraar in die Nuwe Testament aan die Teologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerke te Kampen, het in sy bydrae met die eerste bladsyruil as maatstaf geneem "die kritiek wat die Evangelie en die Koninkryk van God uitoeven op al ons handeling, ook op ons politieke handeling". Wat vir hom en vir ander uit 'n Bybelse oogpunt bedenklik en verwerplik voorkom, is "dat een volk of ras die regte van 'n ander waarmee hy die een of ander vorm van samelewing moet bereik, in eie hand sou mag neem en dit eensydig sou bepaal". Dit gaan dus om regte wat deur ander, vir hulle en oor hulle en sonder hulle vasgestel word. Ridderbos vra die vraag of 'n volkere- en rassepolitiek geregverdig kan word as dit sy doel kan bereik deur "skeiding te maak tussen mens en medemens, tussen Christen en mede-Christen, in die trem, in die skouburg, in die kerk?"<sup>31</sup>

Dr. J Verkuyl, sekretaris van die Nederlandse Sendingraad, het in sy bydrae gewys op die erkenning van die eenheid en die gelykwaardigheid van alle mense, omdat God ons almal na Sy beeld en gelykenis geskep het. Die "gedwonge segregasie van rasse" was strydig met dié Bybelse grondslag en daarom prinsipieel verkeerd. Daarom was 'n fundamentele hersicning van die apartheidsbeleid dringend noodsaaklik in die lig van Gods Evangelie en Wct. Hier het Verkuyl veral gedink aan die gedwonge **territoriale, politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele en juridiese** apartheid. Hy het daarom aangedring "op 'n fundamentele prysgawe van die beleid wat gegronde is op gedwonge segregasie, en om die beleid om te buig in die rigting wat vir ons deur

---

29 Bruins Slot, pp. 11, 16, 20, 45.

30 **Het rassenvraagstuk - Herderlijk schrijven** ---, pp. 20, 25.

31 **Die Burger**, 13.12.1963.

Gods Wet en Evangelie aangewys word".<sup>32</sup>

Die Nederlandse regering het in die jare 1963/1964 die apartheidsbeleid prinsipieel afgewys. In 1964 het die Nederlandse regering naamlik met nadruk verklaar: "De Regering veroordeelt alle vormen van rassendiscriminatie, waar ook ter wereld." Die regering het daarom gehoop om in Suid-Afrika groter begrip te verkry "voor de in Nederland levende gevoelens van bezorgdheid over de apartheidspolitiek".<sup>33</sup> Die voormalige Nederlandse premier, mnr. Ruud Lubbers, het by geleentheid gesê dat die woord apartheid vir Nederland nog altyd 'n "oop wond" was.<sup>34</sup> Hy het in 'n onderhoud ook daarop gewys dat daar by die Nederlanders groot bekommernis, betrokkenheid en 'n verlange was om te help om die apartheidsbeleid tot 'n einde te bring: "Daar was altyd ruimte vir 'n positiewe dialoog - ofskoon vir ons vanuit die beginsel: 'apartheid kan niet'".<sup>35</sup>

De Stem was van mening dat die apartheidspolitiek "uitgaat van een verderfelijk beginsel ...".<sup>36</sup> Met die eerste bladsyruil was sommige van Trouw se lesers erg krities oor die apartheidsbeleid. Een leser het verklaar dat hy hom byna skaam om 'n blanke te wees: "Wie verlost de zwarte mens van die hél, die de blanke hem bereid heeft?" Die kategoriese stelling is gemaak dat die apartheidspolitiek "onbestaanbaar" is: "zij voert naar de afgrond van revolutie, omdat het onbestaanbaar is dat de gekleurde volken op den duur genoeg nemen met een ondergeschikte positie". Die feit is beklemtoon dat die apartheidsbeleid alleen die eiebelang van die blankes dien en dat die blankes deur hierdie beleid sy histories verworwe bevoorregte posisie wil bly handhaaf.<sup>37</sup> Veral "klein-apartheid" was vir baie Nederlanders 'n doring in die vlees; "apartheid in de kerk, universiteit, tram of restaurant, apartheid van mens tot mens, dat is nooit goed te praten".<sup>38</sup> Die Friesch Dagblad, wat groot begrip vir Suid-Afrika getoon het, het dit dan ook duidelik gestel dat niemand op grond van ras of kleur uit 'n kerkdien geweer mag word nie: "Dáár is allereerst en bovenal de plaats, waar de rassenbarrières wegvallen en waar geen plaats is voor een kleurgrens".<sup>39</sup>

32 Die Burger, 13.12.1963.

33 Koninkrijk der Nederlanden. Jaarboek van het Ministerie van Buitenlandse Zaken 1964-1965 ('s-Gravenhage)), p. 5.

34 Die Burger, 11.5.1994.

35 Die Burger, 25.2.1994.

36 De Stem, 23.10.1963.

37 Trouw, 20.12.1963, 28.12.1963, 1.2.1964.

38 Trouw, 28.12.1963.

39 Friesch Dagblad, 27.12.1963.

Woordvoerders van die politieke partye in Nederland het in hul kommentaar op die bladsyruil apartheid ook prinsipiëel onaanvaarbaar gevind. J Smallegenbroek, parlementêre leier van die Anti-Revolutionaire Partij in die Tweede Kamer (en deel van die koalisieregering), het as Christen-politikus verklaar "dat discriminasie naars huidskleur niet geoorloofd is".<sup>40</sup> Dit was vir hom belangrik dat die rassevraagstuk onder die lig van die Evangelie gebring moes word. Daar was twee punte waaruit hy kon aflei dat in Suid-Afrika die besef van wesenlike gelykheid van blank en swart as mense en selfs ook as Christene nie voldoende geblyk het nie, naamlik die verbod op huwelike tussen blank en nie-blank en die feit dat blank en nie-blank nie saam die Nagmaal kon vier nie.<sup>41</sup> Dr. A Vondeling, parlementêre leier van die Partij van de Arbeid, het verklaar dat hy in die beskouinge van **Die Burger** "de onomwonden verklaring mist dat mense, ongeacht welke huidskleur ze hebben, volkomen gelykwaardig zijn". Oor hierdie onaantasbare grondbeginsel het hy niks in **Die Burger** gelees nie, "en daaruit blyk 'n groot kloof in ons denke".<sup>42</sup>

Daar kan dus geen twyfel wees nie dat die meeste Nederlanders apartheid moreel en eties verwerplik gevind het. Die vraag kan gevolglik aan die orde gestel word: maar wat was dan hul oplossing vir die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk? Bruins Slot het dit beklemtoon dat die blanke Suid-Afrikaners 'n beleid moet vind wat volledige reg aan die swart bevolking laat geskied. Reg doen beteken dat daar geen diskriminasie mag wees nie. Blank en swart moet die weg saam vind: "En daardie saam beteken dat die blankes aanvaar dat die swartes self hul politieke verteenwoordigers en politieke leiers kies ..." Wat sou die resultaat wees van so 'n proses? "Sou dit so vreemd wees om te veronderstel dat, as alle aanspraak om die een oor die ander te laat heers, uitgeskakel word, daar 'n natuurlike ontwikkeling sal ontstaan wat gelykgeaarde mense na mekaar toe sal dryf?" As die volstreekte apartheid sou verdwyn, kon daar betreklike apartheid ontwikkel, wat berus op vrye keuse, aard en aanleg: "So 'n natuurlike apartheid is daar - kultureel en sosiaal - in die blanke Weste ook."<sup>43</sup>

Oor 'n moontlike politieke oplossing vir Suid-Afrika se rasseprobleme wou **Trouw** nie voorskryftelik wees nie. Die blad het dit duidelik gestel dat die politieke oplossing as sodanig nie in Nederland nie maar wel in Suid-Afrika self gevind moet word: "Wil de oplossing reeël en etiesch goed zijn dan moet zij

---

40 **Trouw**, 14.12.1963.

41 **Die Burger**, 30.11.1964.

42 **Die Burger**, 30.11.1964; **Trouw**, 30.11.1964.

43 **Die Burger**, 13.12.1963.

door swart en blank in Suid-Afrika self ooreengekomen worden." Trouw was heeltemal bewus van die unieke aard van die Suid-Afrikaanse problematiek: "Het probleem van Zuid-Afrika is namelijk geheel enig in zijn soort op de gehele wereld ... De oplossing voor Zuid-Afrika zal juridisch zeker helemaal een oplossing *sui generis* (eigensoortig en uniek) moeten zijn."<sup>44</sup> Bruins Slot was verder van mening dat die unieke blanke nasie in Suid-Afrika sy identiteit sou kon behou, selfs al word alle diskriminerende wette en bepalinge met betrekking tot blank en swart afgeskaf. Die Afrikaners het nie die apartheidspolitiek nodig om hul eie identiteit te handhaaf nie.

Hy het die vraag gestel of die blanke bevolking van Suid-Afrika die Bantoes as naastes, as broers beskou? Die blankes sal die Bantoes moet bevry, opvoed en ryp maak vir 'n **moderne** samelewing. Volgens Bruins Slot bring die emansipasie van die swart bevolking met hom mee dat die Bantoes volledig tot die Westerse kultuur toegelaat moet word: "U het geen belang by die afsonderingsmetode wat aan die apartheidspolitiek inherent is nie. U is ook nie eties verantwoord as u die afsonderingsmetode toepas nie. Want daarmee beskadig u mensesiele." Dit is belangrik dat die Bantoes op gelyke vlak aanvaar moet word: "Die probleem van die blankes in Suid-Afrika is nie dat hulle die Bantoes as gelykes moet aanvaar nie, maar wel dat hulle hulle so spoedig moontlik tot hul gelykes maak. Iets wonderliks sou wel daaruit kan voortspruit: die harmonisering van blank en swart."<sup>45</sup>

Volgens Trouw is daar in Suid-Afrika "een legitieme blanke bevolking en een legitieme zwarte bevolking". Blank en swart is op mekaar aangewese. Daarom pleit Trouw 'n gesprek tussen die blankes en swart nasionalistiese leiers soos Mandela en Luthuli ten einde tot 'n politieke oplossing te kom. Deur hierdie leiers in die gevangenis te sit of in te perk word hulle alleenlik in die hande van die kommuniste gedryf.<sup>46</sup> Suid-Afrika se probleme kan alleenlik deur middel van 'n gesprek opgelos word. Maar 'n gesprek is onmoontlik as die een gespreksmaat polities eers stilgemaak word, soos wat swart politieke organisasies in Suid-Afrika verbied en swart leiersfigure gevangene geneem is. Bruins Slot het hom afgevra of daar in Suid-Afrika nie ook soms 'n vergissing is oor wie die werklike leiers van die bevolking is nie?<sup>47</sup> Dr. JJ Buskes, 'n geesgenoot van Bruins Slot en een van die leiersfigure van die eerste Nederlandse anti-

---

44 Trouw, 19.12.1963.

45 Die Burger, 26.11.1964.

46 Trouw, 11.7.1964.

47 Die Burger, 26.11.1964.

apartheidsorganisasie, die Comité Zuid-Afrika, het hieroor geen onduidelikheid gehad nie: "... Mandela in de gevangenis heeft meer toekoms dan Verwoerd op zijn eerste-ministerzetel."<sup>48</sup>

**Trouw** het die stelling gemaak dat wit en swart altyd van mekaar afhanklik sou wees in Suid-Afrika: "Die multi-rasiale saamenleving in Zuid-Afrika is er. De vraag is slechts hoe men zal saamenleven. Zal het blanke deel heersen over het swarte deel ...? Zal het swarte deel heersen over het blanke ...? Of geeft het Evangelie ons opdracht naar een saamenlevingsvorm te streven waarin noch swart noch blank wordt overheerst?"<sup>49</sup> In 'n vroeëre hoofartikel het **Trouw** dan ook daarop gewys dat sowel 'n swart imperialisme as 'n blanke imperialisme vir Suid-Afrika onaanvaarbaar is.<sup>50</sup>

## DIE KOUE OORLOG EN APARTHEID

Die Koue Oorlog na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het aan die dekolonisasiebeweging en die anti-kolonialistiese ideologie 'n momentum verleen wat aan die lande van die Derde Wêreld 'n belangrikheid sou gee wat hulle andersins nie sou gehad het nie. Menseregte sou in dié era 'n sentrale kwessie in die verhouding tussen state word. Vir die nuwe Afro-Asiatiese state was die opheffing van alle vorme van rasse-diskriminasie en die beëindiging van kolonialisme prioriteit nommer een. PH Kapp het daarop gewys dat die mededinging tussen die Sowjet-Unie en die VSA om die guns van veral die Afrikalande in die tydperk 1957-1968 begin het. Vir Suid-Afrika het dit besliste implikasies ingehou. Rasseverhoudinge is omskep in internasionale verhoudinge. Suid-Afrika se apartheidsbeleid het, volgens Kapp, 'n uitstekende fokuspunt gebied "om die aktiviste van die anti-kolonialistiese ideologie saam te trek ... Elke insident in Suid-Afrika wat as 'n rassekonflik en onderdrukking van die meerderheid voorgestel kon word, is betrek."<sup>51</sup>

Die Nederlandse pers het sedert die laat vyftigerjare die mening uitgespreek dat die apartheidspolitiek strydig met die gees van die tyd was. Die dekolonisasieproses was volgens **Trouw** die "nuwe wind die waait om de Tafelberg".<sup>52</sup> Apartheid is dus in 'n toenemende mate beskou "als obstakel voor

48 **Tijd en Taak**, 11.7.1964.

49 **Trouw**, 16.1.1965.

50 **Trouw**, 11.7.1964.

51 PH Kapp, **Suid-Afrika en die Koue Oorlog** (Referaat gelewer by die 14de konferensie van die SA Historiese Vereniging, PU vir CHO, 20-22 Januarie 1993).

52 Bart de Graaff en Hub Kockelkorn, **Het beeld van Zuid-Afrika in Nederland, 1948-1963**

het overal in Afrika opkomende swarte nasionalisme en emancipatiestreven... **Trouw** betoogde dat het apartheidstelsel daarom een anachronisme was...<sup>53</sup> In die ope brief wat vyftien vooraanstaande Nederlanders in November 1963 aan minister-president Marijnen gerig het, is gewys op "de stroomversnelling, waarin zich de politieke bewustwording van grote delen van de wereldbevolking sedert de tweede wereldoorlog bevindt". Gevolglik word baie sterker klem geplaas op die regte van die mens, soos wat dit uiteengesit is in die VN se Universele Verklaring van Menseregte wat in 1948 aanvaar is. Vandaar dat verwys kan word na die internasionalisering van die menseregte.<sup>54</sup>

Dr. Buskes het dan ook opgemerk dat die verzet van die nie-blankes in Suid-Afrika gesien moet word teen die agtergrond van die "steeds meer bewust wordende van die gekleurde volke in die wereld".<sup>55</sup> Die **Algemeen Dagblad** het dit baie duidelik gestel dat die blankes van Suid-Afrika op die lange duur nie sal kan staande bly teen die oormag van swart Afrika nie. Die apartheidspolitiek - "in feite een paternalistiese arrangement" - sal dit nie kan verhinder nie. Feit van die saak is: "Het ontwaakte Afrika wenst een zwart Afrika."<sup>56</sup> Ook **Neerlandia** het dit benadruk dat een van die grootste besware uit 'n politieke oogpunt teen die apartheidstelsel die feit is dat dit paternalisties is; "vóór, maar sonder van nuwe met die Bantoes (en ander kleurgroepe) ... Het paternalisme behoort tot die verlede tyd."<sup>57</sup>

Dr. A van Biemen, redakteur van **Tijd en Taak** (onafhankelik weekblad voor Evangelie en Socialisme), het dan ook die klem laat val op die konfliktpotensiaal van die Suid-Afrikaanse rassituasie. Hy het die Suid-Afrikaanse regering geblameer vir die rassekonflik in Suid-Afrika: "Zuid-Afrika, dat naar mijn smaak als een dulle olifant in een overvolle kafferkraal tekeergaat. Als zo'n optreden op den duur geen rassenoerlog oproept, weet ik niet wat het wel moet doen."<sup>58</sup> Vyftien vooraanstaande Nederlanders het in hul ope brief gewag gemaak van "een uiterst explosieve situatie" wat in Suid-Afrika ontstaan het en dat dit tot "massaal bloedvergieten" kan lei.<sup>59</sup> Ook by **Trouw** het die gevoel

- (Ongepubliseerde doktorske skripsie, Ryksuniversiteit Utrecht, 1981), pp. 39-42, 56-60.
- 53 De Graaff, "De Nederlandse publieke opinie over apartheid 1948-1963: van begrip tot verwerping", p. 683.
- 54 **Algemeen Handelsblad**, 6.11.1963; NRC, 6.11.1963. Kyk ook DA du Toit (red.), **Menseregte** (Kaapstad, 1984), pp. 26-30, 122-27.
- 55 **Trouw**, 12.1.1965.
- 56 **Algemeen Dagblad**, 21.12.1963, 18.1.1964.
- 57 "Enkele bedenkinge en-vraagtekens", **Neerlandia**, 1964, pp. 15-6.
- 58 **Tijd en Taak**, 11.7.1964.
- 59 **Algemeen Handelsblad**, 6.11.1963; NRC, 6.11.1963.

posgevat, veral ná die Sharpeville-gebeure, dat die apartheidspolitiek "natuurlijk moest uitloopen op een bloedbad".<sup>60</sup> Selfs prins Bernhard was destyds bang dat "er daar nog eens een massale opstand zal komen en veel bloedvergieten".<sup>61</sup>

Van Nederlandse kant is die argument ook aangevoer dat die apartheidsbeleid die wêreldvrede bedreig het. Bruins Slot het in sy "working paper" by die VN-seminaar oor apartheid, wat in 1966 in Brasilië gehou is, met nadruk verklaar "that the racial conflict in South Africa contains the germ of an international racial conflict, and therefore constitutes a threat to international peace and security as defined in Chapter VII of the Charter (of the United Nations)". Volgens hom staan die apartheidsbeleid "in the way of real world peace".<sup>62</sup> CF Kleisterlee van die Katholieke Volkspartij, die grootste regeringsparty, het ook in 1963 die mening uitgespreek dat die apartheidspolitiek in stryd is met die regte van die mens en daarom "de vrede van Zuid-Afrika zelf, maar ook van de wereld bedreigt".<sup>63</sup> In die reeds vermelde ope brief van die vyftien Nederlanders is spesifiek gewag gemaak van die dreigement van Afrika-state dat hulle sterk sal optree "tencinde aan die verdrukking van hun rasgenoten in Zuid-Afrika ... een einde te maken". So 'n optrede sal uiteraard die wêreldvrede ernstig in gevaar stel. Daarom het die problematiek rondom Suid-Afrika tot 'n internasionale probleem ontwikkel.

Die ope brief van die vyftien het ook 'n ander faset aangeroe, naamlik dat die hele posisie van Wes-Europa, veral ten opsigte van "het huidige machts-evenwicht", geraak word deur die Suid-Afrikaanse problematiek. Omdat Wes-Europese regerings nie "met krachtiger daden" teenoor Suid-Afrika optree nie, pleit Afrika-state reeds "voor een breuk met West-Europa". Dit maak van die Suid-Afrikaanse problematiek "een zaak van internationaal gewicht van de eerste orde".<sup>64</sup> De Graaff het ook daarop gewys dat die Nederlandse pers bevrees was dat die Weste, deur sy noue bande met Pretoria, geïdentifiseer sou word met die apartheidspolitiek en dat die vrygeworde Afro-Asiatiese nasies 'n anti-Westerse houding sou aanneem: "Vanuit deze optiek was apartheid niet slechts een bedreiging voor de Westerse invloed in Zuid-Afrika, maar in vrijwel

60 Brief van B van Kaam aan prof. dr. GJ Schutte, 9.2.1995. (Afskrif in besit van skrywer.)

61 *Algemeen Dagblad*, 5.8.1963; *Trouw*, 5.8.1963.

62 *Working Paper*, submitted by Dr JAHJS Bruins Slot, participant in the United Nations seminar on "Apartheid" at Brasilia ... Kyk ook Bruins Slot, "De Achtergrond", *Trouw*, 1.4.1967.

63 *Trouw*, 14.12.1963; *Die Burger*, 16.12.1963.

64 *Algemeen Handelsblad*, 6.11.1963; NRC, 6.11.1963; *Nederlandse Post*, November 1963.

de gehele Derde Wereld.<sup>65</sup>

Die toenemende spanning tussen die Weste en die Kommunistiese blok en die problematiek rondom dekolonisasie, wat Suid-Afrika met sy apartheidsbeleid natuurlik regstreeks geraak het, is ook deur Bruins Slot aangespreek. Daar bestaan naamlik 'n magsewewig tussen die kommunisme en die Westerse demokrasie. Vanweë die geskiedenis van kolonialisme staan die gedekoloni-seerde, onverbonde state agterdochtig teenoor die Weste. Dit is dus van die grootste belang hoe "het Westen de idealen van gezag, vrijheid, recht en welvaart naar binnen en naar buiten in daden vertolkt".

Bruins Slot het daarom 'n sterk pleidooi gelewer dat "de laatste resten van koloniaal beleid" opgeruim moes word. (Nederlandse Gereformeerdes het apartheid gesien as 'n uitgesproke voorbeeld van interne kolonialisme.) Volgens Bruins Slot is "ieder restant koloniaal bestuur na korter of langer duur onhoudbaar en alle oud-koloniale volke prikkel, alle Westerse state in discrediet bring en de communisten in de kaart speelt". Die stelsel van kolonialisme pas nie meer in hierdie wêreld nie: "Vandaar dat de communisten elk incidenteel geval van koloniaal bewind belasteren, opblazen en uitbuiten. Men moet de communisten hier de wind uit de zeilen nemen. Dan kunnen de gedekoloni-seerde volk des te objectiever staan tegenover het Westerse en het communistiese systeem en de voor- en nadelen tegen elkaar afwegen."<sup>66</sup>

Trouw het skerp gereageer op die Rivonia-verhoor van 1964: "Dat de communisten de Bantoes helpen is de schuld van de Zuid-Afrikaanse politiek die aan de Bantoes elementaire vrijheidsrechten onthoudt." Deur 'n regsbedeling en deur vonnisse wat te vergelyk is met dié van 'n outoritêre polisiestaat "zoals wij die onder het Nazi-bewind gekend hebben ... speelt de Zuid-Afrikaanse politiek het communisme in de kaart". Volgens Trouw is die swartes se stryd om vryheid gerig teen die rassebeleid van die Suid-Afrikaanse regering. Die verset van Mandela en ander swart leiers kan dus nie as 'n kommunistiese optrede gebrandmerk word nie.<sup>67</sup> Daarom het dié blad in 'n opvolg-hoofartikel verklaar: "Men moet het streven der minder-ontwikkelde bevolkingsgroepen niet identificeren met het communisme. Dan speelt men het communisme alleen maar in de kaart."<sup>68</sup>

65 De Graaff, "De Nederlandse publieke opinie ...", p. 684.

66 JAHJS Bruins Slot, *Kleine partij in grote wereld* (Kampen, 1963), 9, pp. 47-8, 108.

67 Trouw, 18.6.1964; *Die Burger*, 25.6.1964.

68 Trouw, 11.7.1964.

Dr. J Verkuyl, sekretaris van die Nederlandse Sendingraad, het dit benadruk dat die apartheidsbeleid (die "gedwonge segregasie van rasse") nie alleen die Christendom kompromitteer nie, maar ook die Westerse wêreld: "Want in die oë van die gekleurde volke van Afrika verteenwoordig die blanke bevolking van Suid-Afrika 'die Weste'. Aan die houding van hierdie bevolking meet die jongste state van Afrika die gedrag van die Weste."<sup>69</sup> 'n Leser van **Trouw** het dit dan ook onomwonde gestel dat die apartheidspolitiek "onbestaanbaar" is: "zij voert naar de afgrond van revolutie, omdat het onbestaanbaar is dat de gekleurde volken op den duur genoeg nemen met een ondergeschikte positie". Deur hierdie starre houding word in die hande van die kommunisme gespeel en kompromitteer 'n mens die Christendom.<sup>70</sup> Mnr. WR van der Sluis, sekretaris van die ARP, het daarop gewys dat **Trouw** tereg opgemerk het "dat het overige Afrika de gedragingen en de bedoelingen van het gehele 'Westen' afmeet aan het beleid van de voorstanders der apartheids-politiek. Ze worden over één kam geschoren ... Met het christendom gaat het precies zo. Ook de 20 % van de totale bevolking van Afrika, die tot het christendom is overgegaan, komt door dit beleid van dr. Verwoerd in een verdachte hoek terecht ..."<sup>71</sup>

## APARTHEID - 'N WÊRELDVRAAGSTUK

Wat die Nederlands/Suid-Afrikaanse dialoog in die jare sestig betref, was daar oor één aspek eenstemmigheid, en dit is dat die rassevraagstuk in sy wese 'n wêreldvraagstuk was. Wat die eerste bladsyruil betref, het Ben van Kaam dit duidelik gestel dat die uitruil van gedagtes nie slegs beperk was tot die Suid-Afrikaanse problematiek nie: "Immers het ging in de kern om het racisme als vraagstuk, waar ook ter wereld."<sup>72</sup> Van Kaam het die stelling gemaak dat die binnelandse vraagstuk van Suid-Afrika ook 'n wêreldprobleem is: "Of u slaag of faal in die bereiking van 'n samelewingsverhouding tussen die rasse, is vir die hele wêreld van betekenis. Want as in Suid-Afrika wit en swart in één land nie kan saamlewe nie ..., hoe sal die rasse op die ou end mekaar dan op één aardbol verdra?"<sup>73</sup> Dr. A Vondeling, parlementêre leier van die Partij van de Arbeid, het vir die Suid-Afrikaners daarop gewys "dat hun zaal als een toetssteen in de

69 Die Burger, 13.12.1963.

70 Trouw, 1.2.1964.

71 Die Burger, 13.1.1964; WR van der Sluis, "Van contact tot ontmoeting" (Nederlandse Gedachten, 28.12.1963).

72 Brief van B van Kaam aan prof. dr. GJ Schutte, 9.2.1995.

73 Die Burger, 13.12.1963.

wereld beskouwd word vir die vraag, of dit moontlik is een samelewing te skep, waarin mense van verskillende huidskleur op menswaardige wyse saamlewe".<sup>74</sup>

Die vyftien Nederlanders het in hul ope brief verklaar dat 'n skending van die regte van die mens nie langer as 'n binnelandse aangeleentheid beskou kan word nie, "maar als een aangelegenheid, de volkerengemeenschap als zodanig rakende". Die Suid-Afrikaanse problematiek het daarom tot 'n internasionale probleem ontwikkel.<sup>75</sup> Volgens *De Gelderlander* gaan die gesprek nie alleen om 'n binnelandse politieke aangeleentheid van Suid-Afrika nie, maar "het gaat om het wereldprobleem van de rassendiscriminatie ..."<sup>76</sup> *Het Vrije Volk* van Leeuwarden was ook van mening dat die Suid-Afrikaanse beleid van apartheid die verhouding blank/nie-blank oor die hele wêreld raak. Moreel en politiek is dit 'n saak wat die hele wêreld aangaan: "Het raakt een kernvraag van het menselijk bestaan: met welk recht mag een mens een medemens beperkingen opleggen omdat hij van een ander ras is?"<sup>77</sup>

Bruins Slot was van oortuiging "dat de politieke problematiek na de tweede wereldoorlog, in toenemende mate meer vanuit internationaal en mondiaal aspect, dan vanuit nationaal aspect moet worden benaderd". Dit gaan dus in die politiek nie in die eerste plek om nasionale vraagstukke nie, maar om internasionale, om wêreldvraagstukke, wat alleen binne wêreldverband opgelos kan word.<sup>78</sup> Die saamlewe van blank en swart is deur hom bestempel as "die groot maatskaplike vraagstuk van ons eeu". Wit/swart verhoudinge in Suid-Afrika is dus wesenlik sake van wêreldpolitieke betekenis.<sup>79</sup> Volgens hom is rassediskriminasie in stryd met die internasionale reg: "De gang van zaken in Zuid-Afrika is ook in strijd met de conventie over de rechten van de mens. Zij belemmert ook de vreedzame ontwikkeling tussen de rassen onderling in de gehele wereld. Daarom heeft dit binnenlandse probleem van Zuid-Afrika zeer belangrijke internationale aspecten."<sup>80</sup>

Met die tweede bladsyruil het Bruins Slot dit benadruk dat die rassebeleid in Suid-Afrika almal se belange raak - net soos die vraag op welke wyse die

74 *Die Burger*, 30.11.1964; *Trouw*, 30.11.1964.

75 *Algemeen Handelsblad*, 6.11.1963; *NRC*, 6.11.1963.

76 *De Gelderlander*, 13.11.1963.

77 *Het Vrije Volk*, 7.11.1963.

78 Bruins Slot, *Kleine partij in grote wereld*, pp. 33, 39, 42-3, 45, 50.

79 *Die Burger*, 13.12.1964.

80 *Handelingen Tweede Kamer, Zitting 1959-1960, Deel I, p. 953.*

Verenigde State van Amerika die Neger-vraagstuk oplos, almal se belange raak. Al die gekleurde volke van die wêreld kyk in spanning na Amerika om te sien hoe die wet op burgerregte ten opsigte van die Negers daar toegepas word: "As dit vir die Negers verkeerd gaan, word dit die hele blanke wêreld as fout toegereken ... Ons het almal daarby belang." Volgens Bruins Slot geld dieselfde vir die Suid-Afrikaanse politiek. Alle blanke volke het regstreeks belang daarby dat die Suid-Afrikaanse rassebeleid tot die tevredenheid van blank en swart sal verloop. Suid-Afrika is dus, wat die ontmoeting van blank en swart betref, "die ongewilde mandaathouer van die blanke wêreld ...".<sup>81</sup> Bruins Slot het geglo dat die beleid wat Amerika en Suid-Afrika volg ten opsigte van wit-swart verhoudinge van beslissende betekenis vir die toekoms van die wêreld is. Indien Amerika en Suid-Afrika faal in hul pogings om 'n oplossing te vind vir "het grootste wereldvraagstuk van deze eeuw", dan "is de basis voor een werkelijke wereld-samenleving van rassen en volken vernietigd. Want dan zal de voor de gekleurde bevolking toch al dubieuze geloofwaardigheid van de blanke wereld, haar beschaving en haar bedoelingen bij de gekleurde volken geheel verdwijnen." Hy maak dus die stelling dat "de loop der historie heeft Zuid-Afrika voor de taak gesteld hier de spits af te bijten".<sup>82</sup>

Volgens Bruins Slot is die Nederlanders baie diep oortuig daarvan "dat Suid-Afrika vir die hele Westerse wêreld die spit moet afbyt in die vind van die pad vir die saamlewe van die blanke en die gekleurde volke op hierdie aarde. Daarom is ons almal so betrokke by wat in Suid-Afrika gebeur."<sup>83</sup> Indien 'n oplossing vir die Suid-Afrikaanse problematiek gevind sou word "zou dat in ethische zin voor de verhouding blank en gekleurd over de gehele wereld van de grootste betekenis zijn", aldus Trouw.<sup>84</sup>

**Die Burger** het die Wes-Europeërs se aandag gevestig op die vir hulle seker ongekende verskeidenheid van ras, taal, kultuur en ontwikkelingsstadium in Suid-Afrika: "Ons is die Verenigde (of nie-so-verenigde!) Volke in die klein: in ons samestelling 'n getrouer mikro-kosmos van ons hedendaagse 'een wêreld' as wat êrens anders op so 'n skaal te vind is." Vandaar die volgende stelling van **Die Burger**: "Die akute wêreldprobleem van die saambestaan van volke en rasse vind ons, Suid-Afrikaners, binne ons eie grense in besonder dringende vorme."<sup>85</sup> Redakteur PJ Cillie het dan ook die volgende feit beklemtoon: "Die probleme

81 **Die Burger**, 26.11.1964.

82 A Nuis (red.), *Apartheid: feiten en commentaren* (Amsterdam, 1966), pp. 177-8.

83 **Die Burger**, 13.12.1963.

84 **Trouw**, 19.12.1963.

85 **Die Burger**, 13.12.1963.

van verskeidenheid en eenheid onder volke van wyd uiteenlopende ontwikkeling en agtergrond waarmee Suid-Afrika worstel, is in hul wese wêreldprobleme. Dié wat dit in Suid-Afrika kan begryp, kan dit oral begryp.<sup>86</sup>

**Die Burger** het toegegee dat die buitewêreld die reg het om mee te dink en mee te praat oor Suid-Afrika se rasseverhoudinge, veral ook omdat dit 'n vraagstuk is wat wêreldwye implikasies het. Die wêreldwye rassevaagstuk is nie opgelos deur 'n Amerikaanse wet op burgerregte of die beëindiging van apartheid nie. **Die Burger** het daarom 'n beroep gedoen "dat almal hul eie probleem of potensiele probleem in óns probleem herken ... in die besef dat in 'n krimpende wêreld die klok ook vir hulle lui."<sup>87</sup> Dié blad was verder van mening dat Suid-Afrika vir die moderne wêreld 'n toetsterrein kan wees ten opsigte van die vraagstukke van die samelewing van volke van verskillende taal, kultuur, ras, kleur en ontwikkeling. Suid-Afrika het dus op die gebied van rasseverhoudinge 'n plig teenoor die wêreld te vervul. **Die Burger** het geglo dat "as ons hart en hoof inspan, niemand beter geplaas is om in verband met rasseverhoudinge die nasies met diepe ervaring en kennis te dien nie."<sup>88</sup>

Ook dr. H Muller het in sy eerste toespraak in die Volksraad as Suid-Afrika se nuwe Minister van Buitelandse Sake daarop gewys dat Suid-Afrika met sy kleurprobleem in baie opsigte 'n mikrokosmos van die wêreld as geheel is. Dr. Muller het toe in dié verband die volgende stelling gemaak: "Die wêreld begin besef dat as ons nie hier toegelaat word om 'n oplossing vir ons probleme te vind wat vreedsame naasbestaan tussen blank en nie-blank in die hand werk nie, dit die oplossing van die kleurvraagstuk van die wêreld seersekerlik nie sal vergemaklik nie."<sup>89</sup>

### "UNIEKE BLANKE NASIE WIL VRY BLY"

Wanneer die bladsyruil tussen **Trouw** en **Die Burger** ontleed word, word 'n mens getref deur die feit dat **Die Burger** 'n hoë premie geplaas het op die vryheidsbeginsel wat soos 'n goue draad vervleg is in die geskiedenis van die **Afrikaner**. Mnr. (later prof.) PJ Cillié, wat vir 23 jaar hoofredakteur van **Die Burger** was (1954-1977), het op 20 Maart 1986 die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer toegespreek oor die tema "Baanbrekers vir vryheid". Hierin het hy

86 PJ Cillié, "Zuid-Afrika, Nederland en de wereld", **Zuid-Afrika**, Mei 1965.

87 **Die Burger**, 27.11.1964.

88 **Die Burger**, 16.12.1963.

89 **Debatte van die Volksraad**, 8.6.1964, kol. 7592.

die stelling gemaak dat die vryheidsbeginsel sentraal is in die groot tye van die Afrikanergeskiedenis. Volgens hom was die Tweede Vryheidsoorlog die voortrefflikste uur van die Afrikaner, en daardeur is "ons onherroeplik verbind tot vryheid as 'n leidende beginsel in die reëling van volkereverhoudinge". Cillié het die Afrikaner opgeroep om "vryheid en bevryding weer onbeskaamd in ons banier (te) skrywe teen vyand wat dit 'n korrupte inhoud gegee het ... Dit beteken dat ons ons heelhartig moet verbind om die grense van die vryheid wat ons vir onself verwerf het, stelselmatig te versit vir diegene wat daarna hunker ... Ons word inderdaad geroep om weer baanbrekers vir vryheid te wees .." In die proses mag die Afrikaner egter sy eie verworwe vryheid nie wesenlik ondermyn nie: "Nêrens in die wette van God of mens word selfmoord van 'n volk as etiese imperatief voorgeskryf nie." Die uitdaging vir die Afrikaner is dat hy "die smal pad van ordelike bevryding, ordelike vryheid vir almal (moet) loop ...".<sup>90</sup>

Wat volkereverhoudinge betref, het die vryheidsbeginsel 'n sentrale plek ingeneem in Cillié se denke ook ten tyde van die bladsyruil. By Cillié, as 'n baanbreker vir vryheid, was daar dus sprake van 'n kontinuïteit in sy denke. In die debat met *Trouw* het hy onder meer op die volgende drie fasette die klem laat val:

- Met die eerste bladsyruil het Cillié in 'n artikel onder die opskrif, "Unieke blanke nasie wil vry bly", die volgende vraag gestel: "Wat besiel hierdie geharde, unieke wit volk van Afrika uit die Nederlandse stam? In die eerste plaas 'n magtige drang na vryheid, voortbestaan en handhawing van eie identiteit." Die blankes in Suid-Afrika is nie Europese koloniste nie, maar "'n afsonderlike nasie met 'n onvervreembare selfbeskikkingsreg". Die Suid-Afrikaanse blanke nasie moet duidelik onderskei word van die koloniste (die blanke minderhede) in die res van Afrika. Die ver ontwikkelde blanke nasie in Suid-Afrika is net "so inheems in Afrika as die Bantoes van die suide of die Negers van Wes-Afrika. En 'n nasie kan hom nie gedra met die inskiklikheid van 'n abdikerende koloniale minderheid nie." 'n Nasie wat sy selfbeskikkingsreg prysgee en hom onderwerp aan andersoortige oorheersing, pleeg hoogverraad, aldus *Die Burger*.<sup>91</sup>

Met die tweede bladsyruil het Cillié herhaal dat die Republiek die tuiste geword het van 'n eiesoortige volk van Europese afkoms: "'n volk van

90 PA Joubert (red.), PJ Cillié, *Baanbrekers vir vryheid. Gedagtes oor Afrikaners se rol in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1990), pp. 77-84.

91 *Die Burger*, 13.12.1963.

Afrika wat lank nie meer as 'n koloniale minderheid beskou kan word nie". Hierdie unieke volk se posisie is verkeerdelik gelykgestel met dié van blanke koloniale minderhede elders in die wêreld. Suid-Afrika het, volgens **Die Burger**, die evolusionêre weg van bevryding gekies. Dit bly egter belangrik dat die blanke volk se reg op 'n eie bestaan erken moet word en dat hulle hul vrye nasieskap in 'n eie staat sal kan uitlewe.<sup>92</sup>

- Volgens Cillié gaan die beleid van aparte vryhede uit van die grondbesinsel "dat die nie-blanke volke ontvoog moet word sonder dat die swaar verwerwe vryheid van die blanke nasie in gevaar gestel word". Die probleem is dat die nie-blanke volke wat ontvoog word, nie 'n verre kolonies woon nie, maar naas en tussen die blanke voogde. België kon 'n Kongo oorlewe en Nederland 'n Indonesië, "maar die blanke nasie van Suid-Afrika sit self op die toneel van hul lewensbelangrike proefneminge". Hulle kan dus die foute wat die Weste begaan het eenvoudig nie bekostig nie. Die blankes probeer 'n nuwe bedeling bou "in ooreenstemming met die beginsel van nasionale vryheid waarvan ons self die voorste eksponent in Afrika was". Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is nie 'n stelsel van permanente heerskappy van blank oor nie-blank nie; nog minder is dit 'n beleid van ewigdurende baasskap. Suid-Afrika het die idee van "baasskap" verwerp en die Bantoe se reg op vryheid in sy eie land erken.<sup>93</sup>

Met die tweede bladsyertuil het Cillié dit opnuut beklemtoon dat die blanke Suid-Afrikaners die nie-blankes "wil vry maak sonder om hul eie duur gekogte vryheid te verloor". Die Europese imperiale moondhede kon onder druk aan hul koloniale volke vryheid verleen - geskei deur duisende myle van oseaan: "Die Suid-Afrikaanse blankes moet ophef en vry maak, maar nogtans in dieselfde subkontinent bly. Hulle het die lot en die plig om te dekoloniseer sonder om te vlug."<sup>94</sup>

- **Die Burger** het dit in die jare 1963/1964 baie duidelik gestel dat indien 'n orde van een mens, een stem in een staatsverband, wat swart oorheersing van die blankes en die bruin minderheidsvolke sou beteken, aan Suid-Afrika opgedwing word, dit die begin sou wees "van 'n nuwe vryheidstryd, wat nie sou eindig voordat die blanke volk weer 'n eie vaderland verwerf

---

92 **Die Burger**, 26.11.1964.

93 **Die Burger**, 13.12.1963, 21.12.1963; PJ Cillié, Zuid-Afrika, Nederland en de wereld", Zuid-Afrika, Mei 1965.

94 **Die Burger**, 26.11.1964.

het nie". **Trouw** was van mening dat in gesprek getree moes word met die "ware leiers" van die swart bevolking soos Luthuli en Mandela. **Die Burger** het hierdie eis verwerp en daarop gewys dat **Trouw** blykbaar dink aan mense wat hulle teenoor die Pan-Afrikaniste verbind het "tot 'n bedeling van een mens, een stem in een staatsverband, m.a.w. tot swart oorheersing van die hele Suid-Afrika". Voordat met hierdie "ware leiers" in gesprek getree kan word, "sal hulle hul pan-Afrikanistiese ideaal van heel Suid-Afrika vir die swartes (wat die vryheid van wit en bruin minderheidsvolke sou vernietig) moet afsweer".<sup>95</sup>

**Die Burger** het dit beklemtoon dat daar vir 'n staatkundige gesprek 'n minimum van gemeenskaplike grond moes bestaan: "Swart oorheersing van blank en bruin in Suid-Afrika bied geen sodanige grond nie, en diegene wat ons met binne- of buitelandse geweld wil dwing tot 'n gesprek op daardie basis, sal met alle mag teengestaan word totdat hul insigte verander." Daar word wel in 'n toenemende mate met die swart leiers wat die blankes 'n eie vryheid gun, gepraat en saamgewerk.<sup>96</sup>

Die maandblad, **Zuid-Afrika**, wat deur die NZAV uitgegee word, het in 'n belangwekkende artikel daarop gewys dat die dialoog tussen **Trouw** en **Die Burger** as voorbeeld dien van die spanning tussen ideaal en werklikheid en dus van "een dergelyk langs elkaar heenpraten". In diskussies oor Suid-Afrika kom die Nederlanders graag met morele argumente vorendag, naamlik dat apartheid strydig met hul opvattinge oor rassegelykheid en daarom verwerplik is.

Hierdie moraliserende benadering kan verklaar word uit die volksaad van die Nederlander: "In de politiek pre-occuperen wij ons bij voorkeur met beginselen en hoge idealen. Voor factoren als macht, eigenbelang en zelfbehoud hebben wij minder oog." Volgens **Zuid-Afrika** belemmer hierdie benadering dikwels 'n vrugbare gesprek met Afrikaners: "Wij zien onze gesprekspartners als granietskoppen die zich tevergeefs in bochten wringen om onze morele bezwaren te ontzenuwen. De Afrikaners beschouwen ons als belerende zedenmeesters, die geen rekening houden met de realiteit en de onvolmaaktheid van deze wereld." Vandaar die "langs elkaar heenpraten".

By die Afrikaner gaan dit, volgens dié blad, in die eerste plek om die handhawing van sy eie taal, kultuur en tradisies. Op politieke gebied gaan dit

---

95 **Die Burger**, 26.11.1964, 1.12.1964.

96 **Die Burger**, 1.12.1964.

dus om die behoud van die identiteit van die Afrikanervolk. 'n Oop gesprek en dialoog met die Afrikaner kan alleen sinvol wees as dit hierdie werklikheid aanvaar. In die woorde van **Zuid-Afrika**: "Maar wie in een discussie de drang tot zelfbehoud en de emotionele kracht van het nationalisme verwaarloost, en zich louter op ethisch vlak beweegt, verliest contact met de onvolmaakte werkelijkheid en beoefent ... de 'cult of unreality'."

'n Diskussie kan wel gevoer word oor die posisie van die kleurlinge, die Bantoestans en klein-apartheid, omdat dié aspekte nie die wese van die Afrikaner en sy voortbestaan regstreeks raak nie. Die Afrikaner is dus wel bereid om 'n debat te voer oor die praktiese implementering van die apartheidsbeleid: "Maar houdt hem geen beginselen voor die bij consequente toepassing zouden leiden tot zelfvernietiging van de Afrikaner-natie. Hij zal ons verwijten dat wij, zonder kleurprobleem, ons de luxe van die beginselen gemakkelijk kunnen veroorloven. Hij niet." Die Afrikaner sou dus nooit toestem tot 'n beleid wat die ondergang van die Afrikanervolk tot gevolg sou hê nie, aldus **Zuid-Afrika**.<sup>97</sup>

Hierdie spanning tussen ideaal en werklikheid het duidelik geblyk uit die debat wat gevoer is tussen **Trouw** en **Die Burger**. Volgens Aat Kaptein was die tragiek van die debat dat dit gevoer is op totaal verskillende vlakke: "Die **Trouw**-mense roep vanuit die wolke waarin die ideal woon. **Die Burger** praat vanuit die omheining waarin na veiligheid en selfbehoud gestreef word." Talle briefskrywers van **Die Burger** het daarop gewys dat **Trouw** in sy idealisme nie voldoende rekening gehou het met die sondige aard van die mens nie. **Trouw** is verwyt omdat hy "'n soetsappige humanistiese broederskap" verkondig het. Daar is verwys na **Trouw** se "simplistiese, ondialektiese ideaalsiening van die aktualiteit ..." In antwoord hierop het prof. W de Vos dit baie duidelik gestel dat die Afrikanervolk nie bereid is om nasionale selfinoord te pleeg nie: "Ons staar die dood in die oë ... U preek vir mense wat lewe met die mes op die keel."<sup>98</sup>

Daar is reeds vroeër daarop gewys dat die voormalige Nederlandse premier, mnr. Ruud Lubbers, by geleentheid gesê het dat die woord apartheid vir Nederland altyd 'n "oop wond" was.<sup>99</sup> Hy het in 'n onderhoud ook daarop gewys dat daar by die Nederlanders groot bekommernis, betrokkenheid en 'n verlange was om te help om die apartheidsbeleid tot 'n einde te bring: "Ek glo nie dat die twee volke ooit reg teenoor mekaar te staan gekom het nie. So ver

97 "Moraliseren over Zuid-Afrika" (**Zuid-Afrika**, Februarie 1965).

98 Terblanche, pp. 103-6, 202-4.

99 **Die Burger**, 11.5.1994.

het dit gelukkig nie gekom nie. Daar was altyd ruimte vir 'n positiewe dialoog - ofskoon vir ons vanuit die beginsel: 'apartheid kan niet'.<sup>100</sup> Uit Lubbers se standpunt is dit duidelik waarom die debat tussen Nederland en Suid-Afrika in die jare sestig nie werklik ontwikkel het tot 'n ware oop dialoog nie. Solank as wat die skaduwee van apartheid oor hierdie debat gehang het, sou dit maar slegs 'n skyngesprek gebly het en sou Nederlanders en Afrikaners vreemdelinge vir mekaar gebly het.

Tydens pres. FW de Klerk se amptelike besoek aan Nederland op 23 en 24 Oktober 1990 het Lubbers dan ook verklaar: "Nederland sien uit na die dag dat betrekkinge met Suid-Afrika genormaliseer kan word. Dit sal alleen gebeur wanneer apartheid tot die verlede behoort."<sup>101</sup> Prof. dr. GJ Schutte, voorsitter van die NZAV, het in 1990 daarop gewys dat die Nederlandse beleid teenoor Suid-Afrika, bekend as die "twce sporenbeleid", drie doelstellings gehad het, naamlik: "1) blank Zuidafrika te overtuigen van de morele onaanvaardbaarheid van de apartheid, 2) de Zuidafrikaanse samenleving en regering te dwingen tot het opgeven van het apartheidsbeleid en 3) het steunen en versterken van de anti-apartheidsgezindheid in Zuidafrika."<sup>102</sup> Binne só 'n klimaat kon daar dus nie veel sprake gewees het van 'n sinvolle oop gesprek nie.

---

100 Die Burger, 25.2.1994.

101 Die Burger, 24.10.1990.

102 "Openingswoord Algemene Vergadering NZAV 1990", Zuid-Afrika, Mei 1990.